PLAASLIKE MARKTE
- POSITIEWE SENTIMENT DUUR VOORT

Die positiewe beleggersentiment wat gevolg het ná afloop van die nasionale en provinsiale verkiesings en die vestiging van 'n regering van nasionale eenheid het weereens die JSE gesteun. Die opwaartste neiging van die vorige maand het voortgeduur en die JSE Indeks van Alle Aandele het in die middel van Julie tot bo die sleutelperk van 82 000 gestyg en die maand op 82 765.12 afgesluit. Maand op maand was die indeks 3.8% hoër (+7.6% jaar tot datum). Hulpbronaandele het die beste gevaar (Resi-10 +5.7% maand op maand/+8.5% jaar tot datum) en ook finansiële aandele het goed gevaar (Fin-15 maand op maand 5.1% hoër/+11.0% jaar tot datum). Die SA Genoteerde Eiendomindeks was maand op maand 4.3% hoër (jaar tot datum +10.8%) en nywerheidsaandele het ook gestyg (Indi-13 +1.6% maand op maand/+6.0% jaar tot datum. Die grootste aandele op die beurs (gemeet aan markkapitalisasie) het gemengde welslae behaal – BHP Group was maand op maand 3.8% laer, Anheuser-Busch 2.0% hoër en Richemont 2.9% laer. Ná goeie verstewiging in Junie het die rand in Julie maand op maand 0.1% verswak maar is jaar tot datum 1% sterker teenoor die dollar.

Tegnologiemaatskappy Altron was die beste vertoner in Julie en het maand op maand met 31.2% gestyg. Die maatskappy het in 'n handelskennisgewing bekend gemaak dat sy verdienste per aandeel jaar op jaar minstens 20% hoër sal wees vir sy halfjaar tot einde Augustus. Cartrack, eienaar van Karooooo was in die tweede plek (+27.8% maand op maand) en sementvervaardiger PPC in die derde plek met 'n styging van 18.3% (maand op maand) in sy aandeelprys. Rainbow Chicken het die swakste gevaar (-19.6% maand op maand), gevolg deur South 32 (-16.6% maand op maand) en Kumba Iron Ore (-9.6% maand op maand).

INFLASIE EFFENS BETER

SA se inflasie het effens verbeter tot 5.1% jaar op jaar in vergelyking met 5.2% in Mei, met 'n maand-tot-maand styging van 0.1%. Kerninflasie (sonder voedsel, drank en elektrisiteit) het 4.5% jaar op jaar toegeneem, teenoor 4.6% in Mei, met 'n maand-tot-maand styging van 0.4%. Pryse in die voedsel- en nie-alkoholiese drankies kategorie het die laagste styging sedert 2020 aangeteken, wat tot die beter inflasiedata bygedra het. Statistiek SA meld dat inflasie nou vir tien maande tussen 5% en 6% is. Kleinhandelverkope het in Mei 0.8% jaar op jaar gestyg, teenoor 0.6% in April, maar was 0.7% laer maand op maand. Die Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het besluit om die repo-koers onveranderd op 8.2% en die prima uitleenkoers op 11.75% te hou. Twee van die lede het voorgestel dat koerse verlaag word, wat moontlik aandui dat laer koerse in die komende maande verwag kan word.

VERVAARDIGING VERBETER

Ekonomiese aktiwiteit in die SA vervaardigingsektor het in Julie fluks verteber ná swak vertonings in Mei en Junie, ‘n vroeë aanduiding dat die ekonomie beter sal vaar in die derde kwartaal van die jaar.

Die Absa aankoperbestuurderindeks (PMI), wat deur die Buro vir Ekonomiese Navorsing gepubliseer word, het in Julie met 6.7 punte tot 52.4 gestyg, beter as wat ekonome verwag het. Dit was algemeen verwag dat die indeks laer as 50 sal wees. Die beter syfer is waarskynlik danksy die uitwerking van stygende plaaslike en internasionale vraag wat aankoopbestellings gesteun het.

SENTIMENT GOED VIR VOERTUIGVERKOPE

Die positiewe sentiment was ook voordelig vir die voertuigbedryf. Volgens die jongste syfers is 44 229 voertuie in Julie verkoop, 1.5% meer as die 43 572 wat in dieselfde maand verlede jaar verkoop is. Die bedryf het moeilike handelsomstandighede ondervind sedert die begin van die jaar en woordvoerders sê die beter syfer is bemoedigend. Die syfer vir Julie was ook beter as die 39 873 wat in Junie vanjaar verkoop is.

Business Day het berig dat die voorsitter van die bedryfsorganisasie Naamsa, Brandon Cohen, ná die bekendmaking van die syfers gesê het die bedryf is nou hoopvol dat die tweede helfte van die jaar beter as die eerste ses maande van die jaar sal wees. Hy het wel daarop gewys gegewe die moeilike ekonomiese omstandighede verdere betekenisvolle stygings in verkope kan belemmer. Maar daar is berig dat “meer kopers handelaars besoek.”

INTERNASIONALE MARKTE

- GEMENGDE PRESTASIES VIR INTERNASIONALE MARKTE

Die uitdagings van onsekerheid rakende rentekoersverlagings, 'n verlangsamende Amerikaanse ekonomie en versnelde Eurosone-inflasie het in Julie vir 'n gemengde maand vir wêreldmarkte (MSCI World +1.8% maand op maand/+14.0% jaar tot datum) gesorg. Die skielike onttrekking van Amerikaanse president Joe Biden uit die presidensiële wedloop en die ontwikkelende Amerikaanse politieke landskap het ook vir onsekerheid in markte gesorg. Amerikaanse koersverlagingshoop het toegeneem met die Amerikaanse persoonlike verbruiksbesteding (PCE)-prysindeksdata wat op verdere verlangsaming van inflasie dui en die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) voorsitter Jerome Powell het tydens die Fed se perskonferensie van 31 Julie aangedui dat 'n koersverlaging “op die tafel” is. Hy het egter gewaarsku dat 'n September-koersverlaging nie noodwendig gaan gebeur nie.

Twee van die drie groot Amerikaanse indekse het in Julie stygings getoon, hoewel die tegnologie-aandele wat Amerikaanse aandelemarkte in die eerste helfte van die jaar aangedryf het, ietwat gestruikel het. Maand op maand en jaar tot datum was die Dow Jones die uitpresteerder, en het in Julie met 4.4% gestyg en 'n 8.4% sprong jaar tot datum aangeteken. Die S&P 500 het Julie 1.1% hoër geëindig (+15.8% jaar tot datum), terwyl die tegnologie-swaar Nasdaq met 0.8% maand op maand (+17.2% jaar tot datum) gedaal het. Dit was grootliks te danke aan skommelings in die pryse van die sogenaamde ‘Magnificent Seven’ (Apple, Amazon, Microsoft, Nvidia, Tesla, Alphabet, en Meta), wat sedert die begin van die jaar fluks gestyg het, deels gedryf deur geesdrif oor kunsmatige intelligensie.

In Julie het beleggers egter die hoë waardasies van dié maatskappye bevraagteken. Junie Amerikaanse inflasie het vir ‘n tweede agtereenvolgende maand meer gedaal as wat verwag is, met wesensinflasie, soos gemeet deur die Verbruikersprysindeks (VPI), wat die maand op 'n minder-as-verwagte 3.0% jaar op jaar afgesluit het teenoor 3.3% in Mei.

BRITSE EN EUROPESE MARKTE SLUIT HOËR

In Europa het groot aandelemarkte in Julie hoër gesluit. Duitsland se DAX was maand op maand 1.5% hoër (+10.5% jaar tot datum), terwyl Frankryk se CAC die maand 0.7% in die groen afgesluit het (-0.2% jaar tot datum). Op die ekonomiese datafront het die jaarlikse inflasie vir die Eurogebied in Junie op 2.5% gesluit, effens laer as die 2.6% van Mei. Kerninflasie, wat die pryse van energie, voedsel, alkohol en tabak meet was onveranderd op 2.9%. Eurosone-inflasie het onverwags gestyg tot 2.6% op jaarbasis (2.5% in Junie). Dit was ook bo die Europese Sentrale Bank (ESB) se teiken van 2%, wat die moontlikheid van verdere rentekoersverlagings van die ESB ondermyn.

Die Britse aandelemark het ook hoër geëindig. Die FTSE-100-indeks was 2.5% hoër maand op maand (+8.2% jaar tot datum). In Julie se algemene verkiesing in die VK het ‘n groot oorwinning vir die Arbeidersparty gesorg dat ‘n nuwe regering onder leiding van Keir Starmer gevestig is. Junie VK-inflasie was onveranderd vanaf Mei en het binne die Bank van Engeland se teikenkoers van 2.0% gebly, terwyl kerninflasie (energie, voedsel, alkohol en tabak uitgesluit) op 3.5% ook onveranderd was vanaf Mei. Brittanje se ekonomie het in Mei vinniger gegroei as wat verwag is – 0.4% teenoor 0% in April – ‘n positiewe teken vir die Britse ekonomie.

MARKTE IN CHINA BLY ONDER DRUK

In Asië het China se sentrale bank, die People's Bank of China (PBOC), kort- en langtermynrentekoerse verlaag dae ná 'n vergadering van die Kommunistiese Party se Sentrale Komitee, wat markte verras het. Dit was die eerste keer sedert Augustus 2023 dat die PBOC koerse verlaag het, wat die regering se voorneme aandui om groei in die wêreld se tweede grootste ekonomie te stimuleer. Ten spyte hiervan het China se aandelemarkte in Julie wisselvallig gebly en beleggers se kommer oor die land se ekonomie weerspieël. Die Shanghai Saamgestelde Indeks het Julie 1.0% laer afgesluit (-1.2% jaar tot datum), terwyl Hong Kong se Hang Seng 2.1% maand op maand (+1.7% jaar tot datum) laer gesluit het.

China het swakker-as-verwagte BBP-data vir die tweede kwartaal bekend gemaak – 4.7% jaar op jaar – stadiger as die 5.3% jaar-op-jaar-groei van die eerste kwartaal en onder China se teiken van 5%. Junie kleinhandel verkope het nie soos verwag presteer nie maar nywerheidsproduksie het voorspellings geklop. In Japan het die Nikkei maand op maand 1.2% laer gesluit (+16.8% jaar tot datum). Inflasie was in Junie (2.8%) onveranderd teenoor Mei.

Kommoditeitspryse was in Julie onder druk, met sommige wat byna ál die 2024-winste uitgewis het, grootliks omdat die vooruitsigte vir China nie te goed lyk nie. Die goudprys was 'n uitblinker, en het deur die loop van die maand nuwe hoogtepunte oortref, voor dit uiteindelik die maand 5.2% hoër afgesluit het (+18.6% jaar tot datum). Onder die platinagroep metale het platina maand op maand 1.8% gedaal (-1.3% jaar tot datum) en palladium was -4.9% maand op maand (-15.6% jaar tot datum). Die prys van Brent-ruolie in Julie met 6.6% gedaal (+4.8% jaar tot datum). Ystererts was maand op maand 7.9% laer (-28.8% jaar tot datum), aangesien die vraag in China steeds afneem.

SLIM WENK

HOU BESONDERHEDE EN FINANSIËLE PLAN OP DATUM

Onthou om jou finansiële plan en beleggingstrategie aan te pas as jou omstandighede verander. Hetsy deur egskeiding of die dood van 'n gade – groot gebeure het 'n impak op persoonlike finansies. Ook, as jy van werk verander of na ’n nuwe plek trek, is dit belangrik om die jongste inligting by jou finansiële adviseur en alle finansiële dienste verskaffers op te dateer. Nog 'n noodsaaklike element van 'n algehele finansiële plan, 'n testament, moet ook gereeld aangepas word indien omstandighede verander.

Bronne: Anchor Capital; Business Day; BusinessTech

BRENTHURST
DIENSAANBIEDINGS

- Beleggingsbeplanning
- Aftreebeplanning
- Buitelandse Beleggings
- Trustbeplanning
- Boedelbeplanning
- Belastingbeplanning
- BWM Aandeleportefeulje
- Risikobeplanning
- Forex-dienste
- Werknemersvoordele
- Buitelandse Trusts
- Buitelandse Portefeuljes
- Globale Eiendomme
- Globale Welvaartsbestuur

JOU VENNOOT IN
GLOBALE WELVAARTSKEPPING

HET U EEN VAN ONS VORIGE ARTIKELS MISGELOOP?

KLIEK HIER OM VORIGE ARTIKELS TE LEES



BULLETIN PODCAST

DISCOVER WEALTH MANAGEMENT INSIGHTS ON OUR NEW SPOTIFY PODCAST CHANNEL **BRENTHURST BULLETIN**

Listen On Spotify

KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS BY ONS KANTORE LANDWYD

BRENTHURST KANTORE

Johannesburg	+27 (0) 11 799 8100	**Claremont**	+27 (0) 21 418 1236
Sandton	+27 (0) 10 035 1391	**Bellville**	+27 (0) 21 914 9646
Pretoria	+27 (0) 12 347 8240	**Stellenbosch**	+27 (0) 21 882 8706
Cape Town Waterfront	+27 (0) 21 418 1236	**Val de Vie Estate**	+27 (0) 21 100 3901
George	+27 (0) 44 050 6057	**Mauritius**	+ 230 484 2175

BRENTHURST SATELLIET KANTORE

KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is ‘n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, ‘n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hiedie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.